WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
20 MEI 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

21 Mei Doopgesprekke vir Junie
22 Mei Omgee-gholfdag
24 Mei Kerkraadsvergadering
27 Mei Nagmaal & Gesinsdiens
31 Mei Twilight Trot (voorheen uitgestel weens reën)
20 Junie Kuieraand met Kevin Leo ten bate van ons projekte

Eredienste vandag (Pinksterfees)

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ds Hettie Wessels
Kapel 10:00
Dr Neil du Plessis
Kerk 17:30
Ds Ferreira Marais

Eredienste 27 Mei

Kerk 08:00 & 10:00 (Nagmaal & Gesinsdiens)
Dr Neil du Plessis
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Gesinsdiens in die kerk
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Ds Hettie Wessels
Kerk 17:30 (Nagmaal)
Japie Krige

SENIORS

Silwerhoekie
Daar sal geen Silwerhoekie byeenkoms wees eerskomende Dinsdag, 22 Mei nie. Die volgende byeenkoms is op 12 Junie. Baie dankie aan almal wat sop en broodjies gemaak het vir die Pinster-dienste in die oggende. Ons het groot waardering vir Ds Barry, Dr Theo, Ds Kobus en Dr Willem vir die inspirerende boodskappe.

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707 of Ds Ferreira Marais by 072 804 0621. Ons is op die oomblik besig met die Alpha Kursus, jy is welkom om steeds by ons aan te sluit om 19:00 Woensdag.

JEUG

KIX KERK
kinders in christus kerk

Onthou!

27 Mei is Gesinsdiens en Nagmaal in die kerk. Kinders woon die eredienste in die kerk by saam met hul ouers.

KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00 (geen tydens Gesinsdienste)
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6

JonkX (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Linda le Roux 083 283 5121
Anna Vimercati 082 785 6932

Voorbidding word gevra vir:

Langtermynversorging

- Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Grizelda du Toit se ma is gediagnoseer met kanker en begin binnekort met behandeling. Haar nommer is 072 027 4130.
- Willie Visagie reageer goed op behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Nadine de Klerk word tuis versorg en het weer met chemoterapie begin. Haar nommer is 082 773 0822.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752. Sy broer, Jan wat 'n sendeling in Mosambiek is, is ook gediagnoseer met Melanoomkanker en behandeling is eers gestaak.
- Xander Wentzel het 'n brein gewas en ondergaan toetse. Sy nommer is 082 420 9047.

Ander

- Amarina Ross sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 082 773 8634.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha is oorlede. Innige simpatie aan die familie. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Hugo van der Merwe het 'n rugoperasie ondergaan in die Wilgeheuwel Hospitaal. Sy nommer is 083 200 2003.
- Antoinette Moolman is baie siek en het 'n operasie ondergaan in die Flora Kliniek. Haar nommer is 083 611 4883.
- Annatjie Kotze het 'n rugoperasie ondergaan in die Wilgeheuwel Hospitaal. Haar man Louis se nommer is 084 549 3419.
- Desha Walter is in die Wilgeheuwel Hospitaal. Haar nommer is 083 268 4393.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

www.GetSnapScan.com
ng kerk weltevreden

Snapscan
Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Dagboek!

Dagboek solank die volgende belangrike datums vir die volgende kwartaal:

31 Julie	**Koorfees**
1 Augustus	**Koorfees**
9 September	**Lente-loffees**
16 September	**Oupa-en-Ouma Sondag**

Mandeladag 2018

18 Julie is Mandeladag en ons wil graag weer serpe en beanies uitdeel vir die minderbevoorregtes in ons gemeenskap. As jy 'n kranige breier is of selfs 'n beginner, wil ons vra dat jy solank begin brei of hekel vir ons projek. Baie dankie aan almal wat reeds vir ons serpe en beanies gebring het, julle is sterre! ***Ons het spesifiek nog serpe en beanies vir mans nodig***. Ons sal later meer inligting deurgee indien jy betrokke wil raak met die uitdeel op die dag.



Tweedehandse selfone benodig!

Baie dankie aan almal wat reeds ou selfone geskenk het, ons waardeer dit! Daar is altyd 'n groot behoefte aan ou tweedehandse selfone wat nog in 'n werkende toestand is. Indien jy 'n ou selfoon het, wil ons vra of jy dit groot asb vir ons sal skenk sodat ons dit kan uitdeel aan behoeftiges. Kontak asb vir Alda Boer by die kerkkantoor of gee selfone af by die kerkkantoor, duidelik gemerk vir Alda se aandag.

- Theunis Jacobus Rossouw, Quellerina
- Susanna Elizabeth Potgieter (nou Rossouw), Quellerina
- Zane van Zyl, Hartswater
- Schanell Grobler (nou Visser), Grootvlei
- Yvonne Cloete (nou vd Westhuizen), Fairland
- Aletta Sophia Welman, Lichtenburg, Lichtenburg
- Elsie Magdalena Claassens (nou Welman), Lichtenburg
- Anthonie Christiaan Frederick Welman, Lichtenburg
- Marilyn Doreen Fourie (nou Geldenhuys), Gordonsbaai
- Hendrik Pieter Christoffel Terblanche, Ugie

GEMEENTEBRIEF
Mei 2018

Die swart teerpad
Loop kronkelend op en af
En die skouer is stukkend gery deur karre en vragmotors
En daar neffens, tussen die bruin, vaal dekgras
Trots en in groen ondergewaad
Pronk die kosmosblomme in pienk, wit en maroen
Vrolik, die kant van die pad op
Ongevraagd, ongeplant, onversorgd deur mensehand
Op Gods genade, op Gods besluit
Op Gods voorsiening en versorging.
Kosmosblomme vir plesier
Van mens en dier…

Is die kosmosse nie hierdie jaar pragtig nie! Hulle het ook ’n boodskap dat die seisoen in die natuur draai en hulle laat die herfskleure duideliker uitstaan. In ons kerklike jaar het die seisoen ook verander; die lydenstyd wat ons saam met Jesus gestap het, het met Paassondag saam met die oop graf ’n nuwe seisoen oopgebreek. Die seisoen van nuwe lewe deur die Gees. Ek deel graag met julle wat alles beplan word vir die kwartaal.

Ons kwartaaltema is: Geroep om te genees.
Die tekste wat ons met elke erediens gaan lees, handel oor liggaamlike, innerlike en emosionele genesing en hoe ons as gemeente kan saamwerk aan genesing in ons omgewing en land.

Ons is bewus daarvan dat ons as gemeente deel is van ’n groter Kerk. Daarom vier ons jaarliks Hemelvaart deur ons ekumeniese diens op 10 Mei (19:00) in ons kerkgebou. Hier is baie ander kerke in ons omgewing; elkeen van ons het ons eie tradisies en gebruike, maar ons dien dieselfde Here. Met dié diens vat ons mekaar se hande en werk ons saam om Jesus sigbaar te maak in ons omgewing.

Aan die begin van Junie hou ons ook ’n Ringsvergadering, waar al die gemeentes van die NG Kerk in ons omgewing terugvoer gee oor wat in elke gemeente gebeur en wat beplan word. In Fairland, wat ons moedergemeente is, het Dr. Phillip Venter verlede maand afgetree en is hulle in die proses om ’n nuwe leraar te beroep.

Ons is ook opgewonde oor ons Mosambiekspan se werk saam met die kerk daar. Hulle werk vanjaar in Mawaiela. Die manne help met die dak van die nuwe kerkgebou en die jong mans werk aan 'n nuwe klimraam met ’n glyplank. By die kasjoeneutstoor word ligte aangelê en rakke ingesit en die dames werk saam met die vrouebediening. Ons sien uit na hulle getuienisse oor hoe die Here ook sy kerk in Mosambiek uitbou.

Ons sien ook uit na ons Pinksterweek. Ons is bevoorreg dat Prof. Jan van der Watt die reeks vir ons kom lei oor die werking van die Gees. Hy is ’n bekende Nuwe-Testamentikus, medevertaler van “Die Boodskap” en skrywer van verskeie boeke. Soos gewoonlik is daar ook ’n Kinder- en Senior-Pinksterreeks.

Ons jaarlikse Omgee-gholfdag vind op 22 Mei by Ruimsig-gholfbaan plaas. Al die fondse wat ons insamel word uitgedeel aan mense in nood en instansies wat saam met ons “deernis aan die weerloses” betoon.

Ons “Twilight Trot“ het (on)gelukkig uitgereën en vind nou op 31 Mei plaas. Jy kan nog inskryf en almal wat reeds ingeskryf het, kan net kom deelneem.

Ons groot sosiale funksie is ’n aand saam met die bekende sanger Kevin Leo. Kom kuier en geniet die aand saam, met ’n koppie sop en brood.

Dit is ’n besige kwartaal, maar ook ’n geleentheid waartydens die Gees met ons kan besig wees, om God se liefde en deernis sigbaar te maak. Stel jouself oop en beskikbaar daarvoor!

Kobus Sandenbergh